# OPSOMMING

## NASIONALE KREDIETWYSIGINGSWETSONTWERP 2018, [B30 – 2018]

## 1. INLEIDING

1.1 Die doelwit van hierdie opsomming is om ’n eenvoudige en duidelike opsomming van die Nasionale Kredietwysigingswetsontwerp (B30-2018) (die Wetsontwerp) te verskaf ten einde lede van die gemeenskap en tersaaklike belanghebbendes die geleentheid te gun om ingeligte kommentaar op die Wetsontwerp te lewer en ook om hul betrokkenheid by die wetgewende proses te bevorder.

1.2 Die feit dat wetgewing almal in die land raak, maak dit van die uiterste belang dat alle persone nie alleenlik die wette ken nie, maar ook weet watter prosesse betrokke is by die uitvaardiging van die wette ten einde hulle in staat te stel om betekenisvolle bydraes tot die wetgewingsproses te lewer. Die publiek word dus aangemoedig om aktief aan die wetgewingsproses deel te neem deur insette te lewer sodat hulle menings ook verteenwoordig sal wees deur die wette wat aangeneem word.

## 2. OPSOMMING

2.1 Hierdie Wetsontwerp is ’n komitee-wetsontwerp en is nie deur die Minister ingedien nie maar wel deur die Nasionale Vergadering se Portefeuljekomitee oor Handel en Nywerheid ooreenkomstig artikel 73(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

2.2 Hierdie Wetsontwerp wysig die Nasionale Kredietwet, 2005 soos gewysig deur Wet nr. 19 van 2014 en voeg in die eerste plek nuwe

woordomskrywings by wat sommige van die bepalings van die Wetsontwerp sal opklaar.

2.3 Hierdie Wetsontwerp staan as die "Wetsontwerp op Skuldingryping" bekend aangesien dit sy hoofdoelwit is om oormatige verskuldiging deur verbruikers aan te roer en te voorkom, asook om 'n toeganklike, volgehoue, verantwoordelike en regverdige kredietmark te verseker.

2.4 Studies het getoon dat ongesekureerde en onwettige lenery gegroei het en meer onder fabriekswerkers, mynwerkers, plaaswerkers en huishulpe voorkom en diegene sodoende meer kwesbaar maak vir oormatige skuldlas. Die studie het ook aangedui dat die faktore wat tot die aanvraag vir krediet deur hierdie werkers bydra, die volgende insluit: aflegging, stygende lewenskoste, broodwinners wat hul lewens in taxi-bus- en ander ongelukke verloor het.

2.5 Op grond van bogenoemde het die Portefeuljekomitee die nodigheid gesien vir 'n sterk reaksie en ingryping aangesien die Nasionale Kredietwet – ten spyte van die feit dat dit 'n deeglike stuk wetgewing is wat gehelp het om die ekonomie gedurende die finansiële krisis in 2008 te beveilig - nie voldoende voorsiening maak vir arm werkers nie.

**3. KLOUSULE-VIR-KLOUSULE ONTLEDING**

3.1 Klousule 1 voeg nuwe woordomskrywings tot die Wet by.

3.2 Klousule 2 wysig artikel 3 van die Wet ten einde voorsiening te maak vir skuldingryping as synde een van die instrumente om die maatskaplike en ekonomiese welvaart van Suid-Afrikaners te bevorder en te versterk. Dit is die voorneme om dringende skuldverligting aan diegene te voorsien wat

nie tans deur die insolvensiesisteme en skuldadministrasie – wat grootliks krediteur-georiënteerd van aard is - gedek word nie.

3.3 Klousule 3 voeg artikel 15A tot die Wet by ten einde voorsiening te maak vir die funksies van die Nasionale Kredietreguleerder ten opsigte van aansoeke om skuldingryping, asook vir die ontwikkeling van die nodige kapasiteit in hierdie opsig. Die huidige statutêre maatreëls wat skuldverligting moontlik maak, is beperk tot sekwestrasie, administrasie en skuldhersiening.

3.4 Klousule 4 wysig artikel 27 van die Wet ten einde tot die funksies van die Tribunaal toe te voeg wat betref verwysings na die Tribunaal kragtens hierdie Wet.

3.5 Klousule 5 wysig artikel 60 van die Wet ten einde die reg op aansoek om krediet korrek aan te dui, soos onderhewig aan die Wet.

3.6 Klousule 6 voeg artikel 69A tot die Wet by ten einde die Nasionale Kredietreguleerder te verplig om ’n register van aansoeke om skuldingryping te hou en om daarvoor voorsiening te maak dat die Minister mag voorskryf watter inligting daarin vervat mag word.

3.7 Klousule 7 wysig artikel 70 van die Wet ten einde die kredietburo te verplig om kosteloos inligting van die Nasionale Kredietreguleerder te aanvaar ten opsigte van aansoeke om skuldingryping. Die doel hiervan is dat die Nasionale Kredietreguleerder moet verseker dat verbruikers wat in staat is tot terugbetaling, dit sal kan doen ná aanpassing van hul verpligtinge.

3.8 Klousule 8 wysig artikel 71 van die Wet ten einde daarvoor voorsiening te maak dat klaringsertifikate deur die Nasionale Kredietreguleerder uitgereik kan word en om geskille in hierdie opsig te kan opklaar.

3.9 Klousule 9 wysig artikel 71A van die Wet ten einde voorsiening te maak vir die periode waarbinne die kredietburo 'n inskrywing wat met skuldingryping verband hou, moet verwyder en om geskille in hierdie opsig uit die weg te ruim.

3.10 Klousule 10 voeg artikel 82A tot die Wet by, wat vereis dat skuldraadgewers vermoedelike roekelose krediet moet rapporteer. Dit verplig voorts kredietverskaffers om sekere inligting binne sewe werksdae beskikbaar te stel en maak ook daarvoor voorsiening dat die Tribunaal 'n administratiewe boete mag oplê indien daar versuim word om dit te doen. Deur middel van hierdie klousule sal hierdie Wetsontwerp ook geregistreerde finansiële diensverskaffers weerhou van roekelose lenery aangesien doeltreffende maatreëls nou afgedwing sal word.

3.11 Klousule 11 wysig artikel 85 van die Wet ten einde 'n hof te magtig om oor 'n saak voor die hof navraag te doen en, in die geval waar 'n verbruiker vir skuldingryping mag kwalifiseer - indien dit die verbruiker se wens is om daaraan deel te neem en indien wel - om die saak direk na die Nasionale Kredietreguleerder te verwys vir oorweging van skuldingryping waar die hof oor voldoende inligting beskik om so te doen.

3.12 Klousule 12 wysig artikel 86 van dieWet ten einde daarvoor voorsiening te maak dat 'n skuldraadgewer altyd kredietooreenkomste moet nagaan vir roekelose lenery, en nie slegs op versoek van die verbruiker nie. Hierdie klousule sluit voorts - as een van die moontlike opdragte tydens die

herrangskikking van verpligtinge - ’n opdrag in ter verklaring van rentekoerse, kostes en fooie wat verminder sal word en wat selfs as zero geëvalueer word.

3.13 Klousule 13 voeg artikel 86A tot die Wet by. Hierdie artikel maak daarvoor voorsiening dat die Nasionale Kredietreguleerder dit kan oorweeg of die verpligtinge van ’n aansoeker om skuldingryping herrangskik kan word, en om die aansoek te verwys vir óf sodanige herrangskikking óf vir opskorting en delging deur die Tribunaal indien herrangskikking nie binne ’n gespesifiseerde tydperk moontlik is nie. Dit maak ook daarvoor voorsiening dat ’n verwysing vir opskorting en delging slegs moontlik is vir ’n tydperk van vier jaar vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wysigingswetsontwerp. Die Minister is verplig om die doeltreffendheid van hierdie maatreël te hersien en verslaggewing daaroor aan die Nasionale Vergadering te doen.

3.14 Klousule 14 wysig artikel 87 van die Wet ten einde die Tribunaal te magtig om ’n verbruiker se verpligtinge te herrangskik.

3.15 Klousule 15 voeg artikel 87A tot die Wet by. Hierdie artikel maak voorsiening vir opdragte deur die Tribunaal in gevalle waar die verbruiker se verpligtinge nie binne ’n gespesifiseerde tydperk herrangskik kan word nie. Die oplossing hiervoor begin met die opskorting van die tersaaklike verpligtinge, met sodanige opskorting wat vir een verdere tydperk verleng kan word.

Indien die verbruiker steeds nie sy verpligtinge kan nakom ná ’n tydperk van 24 maande nie, kan die Tribunaal dan alle of ’n gedeelte van die verpligtinge as gedelg verklaar.

3.16 Klousule 16 voeg artikels 88A en 88B tot die Wet by. Hierdie artikels maak voorsiening vir die uitwerking van skuldingryping en rehabilitasie deur middel van ’n opdrag wat ingevolge artikel 87A toegestaan word.

3.17 Klousule 17 wysig artikel 89 van die Wet ten einde die Tribunaal te magtig om ’n onwettige kredietooreenkoms nietig te verklaar.

3.18 Klousule 18 wysig artikel 90 van die Wet ten einde die Tribunaal te magtig om ’n opdrag daar te stel wat betrekking het op onwettige bepalings in ’n kredietooreenkoms.

3.19 Klousule 19 wysig artikel 106 van die Wet ten einde voorsiening te maak vir verpligte kredietlewensversekering ten opsigte van sekere kredietooreenkomste. Die geteikende kredietooreenkomste is daardie ooreenkomste wat in bereik is van verbruikers wat minder as R7 500 per maand verdien, alhoewel dit nie ’n vereiste is vir verpligte kredietlewensversekering nie. Daar word voorts voorsiening gemaak dat die koste van hierdie verpligte kredietlewensversekering deur die Minister bepaal moet word, aangesien dit die oogmerk is om die teikengroep-verbruikers te bevoordeel en nie om ’n verdere las op hulle te plaas nie. Daar word voorsien dat verpligte kredietlewensversekering verbruikers in staat sal stel om nie oormatige skuldlaste aan te gaan in die geval van aflegging nie, en om sodoende hierdie verbruikers van enige groep wat skuldingryping benodig, uit te sluit.

3.20 Klousule 20 wysig artikel 129 van die Wet ten einde daarvoor voorsiening te maak dat ’n kredietverskaffer nie ’n kredietooreenkoms of gedeelte daarvan – hoe dit ookal mag sy - kan herinstel nie indien ’n opdrag van die Tribunaal ten opsigte van sodanige kredietooreenkoms uitgevoer is

nie, of indien die Tribunaal beopdrag het dat die skuld onderliggend aan 'n kredietooreenkoms gedelg is nie.

3.21 Klousule 21 wysig artikel 130 van die Wet ten einde daarvoor voorsiening te maak dat 'n hof 'n saak voor die hof moet afwys in die geval waar die Tribunaal beslis het dat die skuld onderliggend aan daardie kredietooreenkoms gedelg is.

3.22 Klousule 22 wysig artikel 137 van die Wet om voorsiening te maak vir die verwysing van aansoeke om skuldingryping na die Tribunaal.

3.23 Klousule 23 wysig artikel 142 van die Wet om voorsiening te maak vir die aanhoor van 'n aansoek om skuldingryping deur 'n enkele lid van die Tribunaal.

3.24 Klousule 24 wysig artikel 152 van die Wet ten einde dit duidelik te stel dat opdragte van die Tribunaal bindend van aard is op beide kredietverskaffers en verbruikers.

3.25 Klousule 25 voeg artikels 157A, 157B, 157C en 157D tot die Wet by. Artikel 157A maak voorsiening vir oortredings in die geval waar 'n persoon doelbewus valse inligting verskaf of doelbewus inligting ten opsigte van skuldingryping verdraai, of in die geval waar 'n persoon doelbewus sy of haar finansiële omstandighede verander om vir skuldingryping te kan kwalifiseer. Artikel 157B maak voorsiening vir oortredings wat verband hou met sekere handelinge wat tans deur die Wet verbied word. Artikel 157C maak voorsiening vir oortredings in die geval waar 'n persoon, ten spyte van registrasie wat deur die Wet vereis word, steeds as 'n kredietverskaffer, kredietburo, skuldberader, betalingverspreidingsagent

of as alternatiewe geskiloplossingsagent werksaam is. Artikel 157D maak voorsiening vir situasies waar ’n oortreding deur ’n maatskappy begaan word.

3.26 Klousule 26 wysig artikel 161 van die Wet om voorsiening te maak vir boetes vir oortredings soos wat in klousule 25 aangedui word. Op grond van die erns van die oortredings word die maksimum tydperk van gevangenisskap op 10 jaar gestel. In die geval van oortredings soos wat in artikel 157A uiteengesit word, is die vonnis twee jaar plus die feit dat die aansoeker om skuldingryping permanent daarvan weerhou word om weer om enige skuldingryping aansoek te doen. In die geval van oortredings wat begaan word deur ’n persoon wat nie ’n natuurlike persoon is nie, word die voorbeeld van administratiewe boetes soos wat in artikel 151 aangedui word, nagevolg sodat die maksimum boete op 10 persent van die jaarlikse omset of op R1 000 000 gestel word – watter bedrag ookal die meeste is.

3.27 Klousule 27 wysig artikel 164 van die Wet ten einde die bepalings van die Wet ten opsigte van siviele aksies en jurisdiksie uit te brei na opdragte wat die Tribunaal mag uitreik ten opsigte van onwettige bepalings of onwettige kredietooreenkomste.

3.28 Klousule 28 wysig artikel 165 van die Wet ten einde daarvoor voorsiening te maak dat die Tribunaal in sekere omstandighede sy opdrag mag verander of terugtrek.

3.29 Klousule 29 wysig artikel 171 van die Wet ten einde van die Minister te vereis om regulasies in te stel met die oog daarop om ’n finansiële geletterdheidsprogram op die been te bring en om die Minister van

Finansies te raadpleeg ten opsigte van die finansiering van sodanige programme. Voorsiening word ook gemaak vir die voorskryf van leiding aan die Magistraatshof en die Tribunaal tydens die uitreik van ’n opdrag soos waarna in artikel 86(7)(c)(ii)(ccA) verwys word. Voorsiening word laastens gemaak vir ’n aanpassing deur die Minister – met die goedkeuring van die Nasionale Vergadering - ten opsigte van die maksimum bruto inkomste van ’n aansoeker om skuldingryping en die maksimum totale ongesekureerde skuldlas.

3.30 Klousule 30 wysig die lang titel van die Wet ten einde voorsiening te maak vir skuldingryping.

3.31 Klousule 31 maak voorsiening vir die Wysigingswetsontwerp – met uitsluiting van kousules 19, 25 en 26 – om van toepassing te wees op ’n kredietooreenkoms wat voor die datum van inwerkingtreding van die Nasionale Kredietwysigingswet, 2018, aangegaan is indien sodanige kredietooreenkoms binne die toepassingsraamwerk van die Wet val.

3.32 Klousule 32 maak voorsiening vir die kort titel en die inwerkingtreding.

## 4. SLOTSOM

Lede van die publiek word aangemoedig om kommentaar op die Wetsontwerp te lewer voordat dit as Wet aangeneem word. Afskrifte van die Wetsontwerp kan verkry word by:

- www.eclegislature.gov.za of
- www.parliament.gov.za of
- Mnr. Makabongwe Tyiwani, die komiteekoördineerder

verantwoordelik vir die Portefeuljekomitee oor Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewingsake en Toerisme, by mtyiwani@ecleg.gov.za of tel. 079 4966490, of

- Mnr. Lonwabo Sopela, die Regsadviseur, by: lsopela@ecleg.gov.za of tel. 082 562 4493.

Mondelinge en skriftelike kommentaar op die Wetsontwerp word aanvaar en kan aan Lede of aan personeellede van die Portefeuljekomitee voorgelê word wanneer hulle verskeie gebiede in die provinsie sal besoek tydens publisiteits- en openbare vergaderings. Kommentaar kan ook per epos na bogenoemde eposadresse gestuur of na tel. 086 7344 949 gefaks word.